

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** Hoe dink ons oor 'besittings' en wat beteken dit om 'ryk in God' te wees?

**Skriflesing:** Lukas 12:13-21

### Broodjies vir die pad

"We are traveling in the light, toward God who is rich in mercy and strong to save. It is Christ, not culture, that defines our lives. It is the help we experience, not the hazards we risk, that shapes our days."

— Eugene H. Peterson, *A Long Obedience in the Same Direction: Discipleship in an Instant Society*

"Acknowledging the good that you already have in your life is the foundation for all abundance."

— Eckhart Tolle, *A New Earth: Awakening to Your Life's Purpose*

"Abundance of knowledge does not teach men to be wise."

— Heraclitus

"You pray in your distress and in your need; would that you might pray also in the fullness of your joy and in your days of abundance."

— Kahill Gibran, *The Prophet*

"Miriam wished for so much in those final moments. Yet as she closed her eyes, it was not regret any longer but a sensation of abundant peace that washed over her. She thought of her entry into this world, the harami child of a lowly villager, an unintended thing, a pitiable, regrettable accident. A weed. And yet she was leaving the world as a woman who had loved and been loved back. She was leaving it as a friend, a companion, a guardian. A mother. A person of consequence at last. No. It was not so bad, Miriam thought, that she should die this way. Not so bad. This was a legitimate end to a life of illegitimate belongings."

— Khaled Hosseini, *A Thousand Splendid Suns*

"It is much more difficult to judge oneself than to judge others. If you succeed in judging yourself rightly, then you are indeed a man of true wisdom."

"What matters most are the simple pleasures so abundant that we can all enjoy them...Happiness doesn't lie in the objects we gather around us. To find it, all we need to do is open our eyes."

— Antoine de Saint-Exupéry, *The Little Prince*

### Gastehuis op Vleiland

*Vallei suid van Laingsburg.*

*Vrugteboerdery*

Voor die deur van die Seweweekspoort irriterend naby, klipspat die bakkies bestof die bome vaal in die perskeboord anders was ons skemer ook koper, strakkies

téén Swartberg deur oerkrag uitgemaal die laaste keerwal teen die Groot-Karoo waar 'n mens nog vry kan asemhaal en die geskiedenis van jou klippe glo, sit ons op die gastehuis se stoep vanaand hoor ons hoe in uiletaal hekse versigtig na die sterre roep. 'n pand vir die besoek is integraal by vertrek is die ganse Vleiland ingepak met 'n net optelklippertjie in my broeksak

*Anton Dockel, 2022*

"Caution in handling generally accepted opinions that claim to explain whole trends of history is especially important for the historian of modern times, because the last century has produced an abundance of ideologies that pretend to be keys to history but are actually nothing but desperate efforts to escape responsibility."

— Hannah Arendt, *The Origins of Totalitarianism*

"I don't know exactly what covetous is, but in my experience it is not so much desiring someone else's virtue or happiness as rejecting it, taking offense at the beauty of it."

— Marilynne Robinson, *Gilead*

"There is no disaster greater than not being content; There is no misfortune greater than being covetous."

— Lao Tzu

"Being rich towards God means

...growing a soul that is increasingly healthy and good.

...loving and enjoying the people around you.

...learning about your gifts and passion and doing good work to improve the world.

...becoming generous with your stuff.

...making that which is temporary become the servant of that which is eternal.

...savoring every roll of the dice and every trip around the board.”

— John Ortberg, *When the Game Is Over, It All Goes Back in the Box*

“The table metaphor in Christian theology is rich and multivalent. Tables are where enemies become friends. Tables are where dividing walls of hostility are torn down. Tables are where generosity is extended toward those who were otherwise excluded. Christians behold God’s generosity at the Lord’s Table, and extend this generosity toward outsiders with their own tables.”

— Courtney Reissig, *Hospitality Matters: Reviving an Ancient Practice for Modern Mission*

## Brood vir die pad

Dawerende stilte oor ’n hart wat nooit ophou breek

*Lizette Rabe*

Wanneer jy lid van die eksklusiefste klub ter wêreld is – een waaraan niemand eens wil dink nie; die werklikheid is net te pynlik – besef jy ook presies hoe hard daardie dawerende stilte rondom jou is.

Daar is nie eens ’n woord wat ons wat ’n kind verloor het, beskryf nie. Nie soos ’n weduwee, of ’n wewenaar, of ’n weeskind, of ’n halwe weeskind, wanneer jy jou ma of pa verloor het nie.

Nee, dié van ons wat teen die orde van die natuur in verloor het, het nie eens ’n naam nie.

Selfs nie eens die vertaling van die Engelse “Bereaved Parents Month” is maklik nie. Want was is “bereaved” nou eintlik in Afrikaans? Bedroefdes? Agtergelatenes? Of klink “bereaved” eerder soos beroof? Want dis wat ons is: beroof van ons so geliefde kinders. En ons kinders is beroof van hul lewe. Gelukkig het ’n Amerikaanse professor wat ook haar kind verloor het, intussen met ’n voorstel vir ons-sonder-naam gekom.

Maar eers terug na Verweesde Ouers-maand, wat deesdae dwarsoor die wêreld gedenk word. Dis reeds moeilik om openlik oor verlies te praat; dis amper ’n taboe onderwerp in ons postmoderne wêreld. Buitendien: Hoe kan jy nou so agtelosig wil wees om ’n kind te verloor?

Voeg daarby: Verdriet is in elk geval geweldig persoonlik en privaat. Veral om ’n kind te verloor, met ouers wat hul verlies en hartseer vir die res van hul lewe met hulle saamdra.

### ’n Spiraal van stilte

Die bewusmakingsmaand is bedoel om ouers te ondersteun wat ’n kind verloor het, maar ook om bewusmaking van sulke ondenkbare hartseer te skep. Dis deur die Britse liefdadigheidsorganisasie A Child of Mine geïnisieer. The Compassionate Friends (TCF) ondersteun die projek, veral om die verweesde-ouer-gemeenskap te wys hulle is nie alleen nie. TCF is in 1969 gestig toe ouers wat hul kinders verloor het, dié selfhelpgroep begin het. Dit het sedertdien tot ’n internasionale steungroep vir ouers gegroei en sluit steun vir sibbe en grootouers in.

Dit is teen die natuur dat ouers hul kinders oorleef. As dit gebeur, worstel ouers met ’n ondraaglike las van verlies, verdriet en verlange vir die res van hul lewe. Ook sibbe, vir wie dit eweneens ’n daaglikse stryd is om ’n nuwe identiteit te vind. En natuurlik grootouers, wat

hul eie hartseer moet verwerk terwyl hulle weet dat hulle magteloos is om hul kinders se onuitspreeklike verlies te verlig.

Diegene wat gelukkig is om nie deur so ’n werklikheid gekonfronteer te word nie, vermy die onderwerp. Dis immers iets wat net nie bedink kan word nie; die ergste wat met ’n ouer kan gebeur en die rede waarom die onderwerp nie sommer aangeraak word nie. Nie omdat jy nie wil nie. Omdat jy nie weet hoe nie.

Só verdiep die spiraal van stilte. Met die bedroefde ouer wat al hoe meer verwyderd voel van die alledaagse lewe.

Terwyl van ons verwag word om “aan te gaan”. Ons moet kwansuis ná ses maande begin “beter voel”. As ons ná twee jaar steeds nie “beter” is nie, is dit omdat ons nie ons gevoelens van verlies kan verwerk nie. Of oor die dood van ons kind kon “kom” nie. Ons ly dan aan wat genoem word komplekse of gekompliseerde verdriet.

Net diegene wat dit ervaar het, weet waarvan jy praat as jy sê jou hart, jou ingewande, is uit jou liggaam geruk.

Maar die navorsing wat vir ons sê dat ons onself die een of ander tyd moet regruk, het geen idee wat die geleefde ervaring daarvan is om ’n kind te verloor nie. Jy sál nooit “beter” word nie. Jy sal wel leer om met ’n masker te leef sodat jy nie diegene rondom jou in die verleentheid stel deur hulle te konfronteer met jou onuitspreeklike hartseer en altyd teenwoordige weemoed nie.

### ’n Via Dolorosa

Natuurlik is dit moeilik om openlik oor so ’n verlies te praat. Net diegene wat dit ervaar het, weet waarvan jy praat as jy sê jou hart, jou ingewande, is uit jou liggaam geruk. Net hulle weet dat jy gelyktydig so swaar soos ’n granietrots kan voel, op die bodem van die diepste, donkerste see, maar ook so lig soos ’n veer, swewend iewers op ’n ver plek sonder atmosfeer, sonder swaartekrag, sonder suurstof.

Maar, ook te danke aan ander wat weet hoe dit voel, soos in die TCF-gemeenskap, is dit belangrik om te weet jy is nie alleen nie. Een statistiek sê dat teen die ouderdom van 70, 15% van Amerikaanse ouers ’n kind verloor het – ’n veel groter getal as wat ’n mens dink.

Behalwe dat Verweesde Ouers-maand jou help om te voel jy is nie alleen op jou Via Dolorosa nie, breek dit daardie stilte rakende kinderverlies. Selfs as net die gedagte om die onderwerp te opper jou ongemaklik laat voel, sal jy nie weet hoeveel dit vir ’n verweesde ouer beteken om iemand van “buite” hul verlate, eensame planeet te hê wat na hulle uitreik nie.

### Nee, jy kan nie ‘laat gaan’ nie

As jy moedig genoeg is om die onderwerp te opper, kan hierdie wenke help:

Moenie vra “Hoe gaan dit” nie. Feit is, dit sal nooit weer “gaan” nie. Kwalifiseer eerder jou vraag met “Hoe gaan dit vandag?” Dit wys jy verstaan dat dit nie maklik kan wees nie en dat jy regtig wil weet hoe jy vandag voel. Vra ook uit oor die geliefde kind. Jy sal nie weet hoe dankbaar ’n bedroefde ouer sal wees om te kan praat oor ’n kind wat nie meer hierdie lewe met ons deel nie.

Of, asseblief, moenie sê ‘laat gaan, beweeg aan’ nie. Dit is wreed om te dink ’n ouer moet ‘laat gaan’, of ‘aanbeweeg’.

Wat om nie te sê nie? Asseblief nie “tyd heel” nie. Dit kan die geval wees as jy ’n pa of ma ná ’n lang en vrugbare lewe verloor het. Maar tyd “genees” nie as jy ’n kind verloor het nie. Ook, as jy godsdienstig is, moenie sê “God werk op geheimsinnige maniere” nie. Selfs as jy godsdienstig is, kan God sy geheimsinnige maniere vir Homself hou. En as die persoon ander kinders het, moet asseblief ook nie sê “minstens het jy nog ander kinders” nie. Dit neem nie een

jota weg van die feit dat jy jou eie self verloor het deur een van jou kinders te verloor nie.

Of, asseblief, moenie sê “laat gaan, beweeg aan” nie. Dit is wreed om te dink ’n ouer moet “laat gaan”, of “aanbeweeg”. Dit is eenvoudig nie moontlik nie.

### **’n Naam vir ons verlies en verdriet**

En dan, tot onlangs was daar nie eens ’n woord vir iemand wat ’n kind verloor het nie.

Dit het gelukkig verander. Danksy Karla Holloway, professor in Engels en Regte aan die Duke-Universiteit in die VSA, is die woord “vilomah” besig om internasionaal aanvaar te word vir dié van ons wat as ’n altyd getraumatiseerde weergawe van onself verder moet leef.

Nadat sy haar 22-jarige seun verloor het, het Holloway beseft daar is geen enkele woord wat die verlies van ’n kind beskryf nie. Soos sy geskryf het: “ ’n Volwasse kind behoort ’n ouer te verloor. Nie andersom nie.” Dit is teen die natuur se orde.

Die “idee van orde en die ‘wanorde’ van ’n kind se dood het my uiteindelik teruggebring na die Sanskrit-woord ‘weduwee’,” skryf sy. Sy het verder gesoek in die taal wat ons reeds daardie woord gegee het en ’n ander een gevind: vilomah.

Dit beteken “teen die natuurlike orde”. Soos, het sy die Chinese gesegde aangehaal, dat dié met grys hare nie dié met swart hare moet begrawe nie.

“Soos in, ons kinders mag nie voor ons sterf nie. As dit gebeur, is ons vilomah.”

En die getalle groei daagliks. Baie meer mense is lid van hierdie “eksklusiewe klub” as wat jy dink. Of dit die amper-voltermyn-baba is wie se hart eenvoudig ophou klop het in haar ma se uterus slegs dae voor die geboorte, of die sewejarige in die pad van ’n dwaalkoeël van ’n bende, of jong volwassenes wat hul stryd teen depressie of kanker verloor het, of ’n 12-jarige wat aan meningitis sterf, of twee broers wat in ’n motorongeluk sterf, of 21 tieners wat in ’n sjebien sterf . . .

Vilomah is die naam vir ons verlies en verdriet. Want ons harte sal nooit ophou breek nie. Ons verlange sal nooit ophou nie. Die naelstring sal nooit verbreek word nie. Vilomah is die naam van die weemoed wat ons geword het.

Holloway sê dit klink dalk aanvanklik vreemd.

“Maar ons is gewoon aan die woord ‘weduwee’. Dit is nie veel anders nie en dit deel dieselfde etimologie.”

En, skryf Holloway, daar is soveel geleenthede om aan vilomah gewoon te raak.

“Kyk na die aandnuus en jy sal ’n vilomah sien. Skandeer die nuus op die web en jy sal lees van ’n vilomah. Loop deur jou woonbuurt, daar is huise met vilomahs binne.”

En: “Die verskil tussen vandag se hartseer en môre s’n is dat daar nou ’n woord vir ons is. Vilomah. ’n Ouer wie se kind gesterf het.”

*\* Prof. Lizette Rabe is voorsitter van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch. Sy het een van haar geliefde kinders aan fatale depressie verloor en die Ithemba-stigting begin (ithemba beteken hoop) om bewusmaking van depressie te kweek en om navorsing te steun. Die Hoop Hike en Bike is op Sondag 2 Oktober in Psigiese-gesondheid-bewusmakingsmaand.*

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/aktueel/die-dawerende-stilte-oor-n-hart-wat-nooit-ophou-breek-nie-20220725>